

## WEEK 6 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### 2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

### Inleidend.

Ons pad sover:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handeling (vs.14) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
  - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
  - Draai van julle bese weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
  - Bid – daaroor moet ons nog gesels
  - Soek My aangesig – daaroor moet ons nog gesels.
- Vorige keer – ons het gesels oor ons sondes wat voor die Here bely en reggemaak moet word.
- Hierdie week – ons praat verder oor sondes wat ons as Suid Afrikaanse Christene moet bely en reggemaak.

### Sondes van God se volk (oor wie Sy naam uitgeroep is)

Ons het voorheen geleer van 3 tipe sondes - Dit alleen (individueel) gepleeg, dit kollektief (saam met ander, of teenoor ander) gepleeg, asook sondes korporatief gepleeg as deel van 'n bevolking groep, kerk of nasie.

Die volgende sondes (individueel) is reeds voor die Here bely:

- Ons sonde van biddeloosheid
- Ons verwaarlosing van Sy Woord
- Ons koudheid / afsydigheid teenoor ander wat swaarkry.
- Ons afgodediens.
- Ons onvergewensgesindheid.

Natuurlik is daar baie ander sondes wat ons individueel pleeg en dus individueel moet bely. Bv. onrein gedagtes en dade, vloek en laster, selfsug en geldgierigheid, ens. Soos die Here deur Sy Gees ons attent maak op hierdie en ander oortreding, bely ons dit onmiddellik en opreg teenoor die Here.

### Hierdie week – sondes van “n kollektiewe aard. (saam met en/of teenoor andere)

Ons beweeg nou na die 2e tipe sonde wat Christene in ons land moet hanteer en bely soos nodig – sondes kollektief gepleeg. (d.w.s. saam met mekaar, of teenoor mekaar)

Ons lees in Jakobus 5:16: “Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar – sodat julle gesond kan word.” Daar staan in Matt. 5:23-24 die volgende: “As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit

*jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en versoen jou eers met jou broeder en kom dan en bring jou gawe. “*

Verhoudinge is vir die Here verskriklik belangrik. Dit het hom Sy eie Seun se dood aan die kruis gekos om die stukkende verhouding met 'n vervalde mensdom te herstel. So ook, is dit belangrik vir die Here dat sy kinders in 'n skoon en oop verhouding met ander mense leef. Sonde doen egter skade aan verhoudings. Waar my sonde skade aan 'n verhouding gedoen het, is dit nie genoeg dat ek net my sonde teenoor die Here bely en regmaak nie. Ja, natuurlik maak ek eers regmaak teenoor die Here, deur die sonde te bely. Maar as my sonde 'n ander persoon skade gedoen het, of 'n verhouding vertroebel het, staan ek onder verpligting om teenoor die betrokke persoon(e) reg te maak. Dis interessant hoe Matt 5 dit stel – as dit my byval iemand het iets teen my. (Nie net as ek iets teen iemand anders het nie, maar spesifiek as iemand anders 'n saak of 'n “issue” teenoor my het.)

Die onus lê dus vierkantig by die Christen, geen maak reg waar dinge verkeerd is, al was jy nie in jou eie oë die een wat oortree het nie.

Om stukkende verhoudings reg te maak is moeilik, dikwels pynlik en nie altyd suksesvol nie. Ons Hemelse Vader weet dit – maar Hy spaar nie ons as Sy kinders die verpligting om verhoudings wat seergekry het, te probeer genees nie. **Ons mag nooit sê ons het nie probeer nie!**

Ek pleit nou by elke Christen wat hier lees: As jy regtig ernstig is om te bid vir herlewering in ons land en in jou eie lewe, maak erns met hierdie saak van stukkende verhoudings. Ons vra die Here nou, om deur Sy Gees, om vir elkeen van ons te herinner en duidelik uit te wys, waar ons nog nodig het om aan verhoudings te herstel. Ons gaan die Here vra om te wys – is daar êrens iemand wat nog iets teen my het?

Kom ons bid saam:

*“Here, ek wil gehoorsaam wees aan U stem en U woord. Wys my asseblief, deur U Gees, waar daar nog verhoudings is wat aandag nodig het. Wys my asb die persoon(e) wat nog iets teen my het. Wys my verhoudinge wat skade gekry het, wat genees moet word. Dankie, Here, dat ek weet U sal dit doen. Amen.”*

Ek glo die Here sal presies wys waar daar reggemaak moet word. Ek gaan nou vir jou vra om 'n moeilike ding te doen. Moet dit nie doen omdat ek dit vra nie, doen dit asb. omdat die Here dit van elke kind van hom vereis.

Maak kontak met die persoon(e) wat die Here op jou hart gelê het. Kom bymekaar, indien enigsins moontlik, anders bespreek die saak telefonies. Vra die persoon om vergifnis vir dit wat jy self verkeerd gedoen het. As jy nie bewus is van iets wat jy verkeerd kon gedoen het, vra die persoon om te verduidelik dit wat hom/haar ongelukkig maak of gemaak het. Dikwels is daar êrens 'n misverstand gewees. Motiewe word aan woorde of aksies gekoppel wat nooit bedoel was nie.

Ek vertrou, met my hele hart, die Here het 'n afspraak met sommige van ons om jare lange seer en skade op te klaar en uit die weg te ruim.

'n Woord van bemoediging. As jy opreg, van jou kant alles moontlik gedoen het om te versoen, maar die ander party weier, kan jy met 'n geruste hart gaan slaap. Die Here verwag van ons gehoorsaamheid, maar die uiteinde en resultaat behoort aan Hom. Ons lees in Rom 12:18: *“as dit moontlik is, **sovêr dit van julle afhang** – leef in vrede met alle mense.”*

Ek sê weer – as jy met 'n skoon gewete kan sê dat jy alle redelike pogings tot versoening probeer het, sonder sukses, slaap met 'n geruste hart en los die verdere uitwerking aan die Here oor.

Ons het baie tyd aan hierdie saak gespandeer – vir ’n eenvoudige rede – dit is krities belangrik. Jakobus 5:16 sê ons moet regmaak met ander – sodat ons gesond kan word. Wat word gesond – ek, my gewete, die ander party(e) asook ’n stukkende verhouding, en die Here kry die eer! Die Here kan ’n stukkende verhouding herstel en tot groot seën maak vir alle partye – al wat hy vra is gehoorsaamheid.

Liewe bidder – Ek pleit weer by jou – moenie hierdie opdrag van die Here ignoreer nie. Moet asb. nie vanaand gaan slaap voordat jy begin het met die proses van restitusie en regmaak waar die Heilige Gees dit op jou hart gelê het nie.

**Om op te som:**

Ons sondig op 3 maniere - individueel, kollektief (saam met, of teenoor andere) asook korporatief (as deel van ’n groep mense, kerk of volk)

Ons was gehoorsaam om die sondes individueel gepleeg voor die Here te bely.

Ons is ook nou in die proses om sondes te bely en reg te maak waar ander mense en verhoudings skade gedoen is.

Volgende keer, DV - sondes korporatief gepleeg – as deel van ’n bevolkings groep, kerk of land.

Seënwense

MPG gebed span.